



## **NADENKE OOR DIE VOORTREKKER-GELOFTE VAN 1838. - A.D.Pont.**

### **Inleiding.**

As mens nadink oor die Geloofte van 1838 dan word dit tog duidelik dat die Afrikanervolk hierin 'n unieke besitting het. Daar vêr terug in 1838 het die vadere van ons volk 'n Geloofte aan God afgelê omdat hulle in 'n benoudheid was ..... en ons vandag is óók uniek omdat ons, ondanks alles wat oor ons en ons volk gekom het, aanhou om die Geloofte te gedenk en God daarvoor te eer. Ons is tog eie-soortig !

Verder is dit opvallend dat die Afrikaner, dwarsdeur sy geskiedenis, die nuk openbaar om sy eie koers te gaan op grond van sy geloof in God en kennis van die wereld waarin hy leef en werk. Seker daarom dat ons dwarsdeur ons geskiedenis nooit aanvaarbaar was vir die Engelspratende wêreld nie.

### **Die Geloofte.**

Dit was op 9 Desember 1838 dat die Voortrekker-kommando by die Wasbankrivier 'n Geloofte afgelê het. Daar in 'n godsdiensoefening, met die gebed tot God, het Sarel Cilliers by Bloukrans en veder namens die kommando belowe :dat as die Here God hulle in die stryd teen die Zoeloes sal beskerm en hulle die oorwinning sal gee, dan sal hulle elke jaar, tot in lengte van dae, die dag van die oorwinning as 'n dankdag vier, en dat hulle alles in verband met die Geloofte aan hulle nageslag sal vertel sodat hulle die gelofte ook sal onderhou, en dat hulle 'n kerkgebou tot eer van God sal oprig.

Dit is, in kort, die bekende Geloofte wat daardie kommando van genl. AWJ Pretorius afgelê het om so God se hulp af te smee in die stryd teen die geweldige getalle-oorwig van die Zoeloe-koning Dingaan se leërs. In daardie gelofte het dit nie net gegaan om te vra vir 'n militêre oorwinning nie, maar ook en veral om die welslae van hulle poging om in Natal 'n nuwe vaderland te vind na die uitvlug uit die Kolonie.

Die Voortrekkers vra hier 'n teken, 'n bewys dat God hulle naby is in hulle soeke na vryheid en 'n vaderland --- dit veral nadat daar predikante in die Kaapkolonie was wat die moorde op Retief en sy 70 man en dié daarna as 'n duidelike teken dat die Here God die hele Trek-gedagte van die Voortrekkers afgewys het.

### **Die Eerste Boodskap van die Geloofte.**

Vra mens na die direkte betekenis van die Geloofte vir die Voortrekkers in Natal, dan moet die Geloofte gesien word teen die agtergrond van wat daardie jaar, 1838, met die Voortrekkers gebeur het : allereers was daardie moord op Piet Retief en sy 70 man op 6 Februarie 1838 toe hulle gegaan het om te onderhandel oor 'n woonplek vir die Trekkers in Natal. En nadat die traktaat onderteken is waarin Dingaan die gebied suid van die Tugela aan die Voortrekkers afgestaan het, het hy laat doodmaak, daarop volg die groot moord toe die Zoeloe-impis toegeslaan het op die verspreide groepe Voortrekkers wat in Noord-Natal gewag het op die uitslag van die onderhandelinge. Die Trekkers, wat geen onheil vermoed het nie, het

verspreid in laers gestaan vanaf die Bloukransrivier tot aan die Renosterspruit .... is onverhoeds deur die Zoeloes aangeval ... daar is meer as 280 Trekkers --- waarvan die meerderheid kinders was en meer as 200 bediendes, doodgemaak .....

Daarna is 'n strafkommando onder leiding van Komdt. Piet Uys en Komdt. Hendrik Potgieter by Italeni in 'n lokval gelei en na 'n harde geveg waarin Komdt. Piet Uys en sy seun Dirkie en nog agt ander man gesneuwel het, moes hulle vinnig terugval .... J H Hatting, het die gemoedstoestand in die laers so opgesom toe hy daarvan vertel het :”By de verschillende lagere (van die Voortrekkers) aangekomen, ontstond eene groote opschudding onder de mensen toe zij hoorden van de ongelukkigen afloop van de kommando .....

Dan moet Komdt. Gert Maritz die leiding in Natal oorneem, nadat Komdt. Hendrik Potgieter en sy mense Natal verlaat het. In Natal het die Voortrekkers laer getrek uit vrees vir verdere Zoeloe-aanvalle en mense na die Kolonie gestuur om hulp te gaan vra. Ingehok in die versterkte laers het die Trekkers voortdurend verdere Zoeloe-aanvalle verwag en was hulle bestaan moeilik ...

In Augustus 1838 het 'n groot Zoeloe-leër van ongeveer 10 000 man die sg. Gatslaer aan die Boesmansrivier aangeval en na 'n hewige twee-daagse geveg het die Zoeloes teruggeval maar al die vee saamgevat .... sodat daardie mense trekgoed moes leen om te weggom om veiligheid te soek by Maritz se laer aan die klein Tugela. Een ding het die Trekkers egter hier geleer en dit was dat 'n wa-laer in 'n botsing met 'n Zoeloe – leër 'n uitnemende fort was.

Aan die einde van September 1838 is die Trekkers in Natal wat steeds onder swaar sielkundige druk gelewe het, verder beproef toe Gert Maritz in September 1838 oorlede is .... in 'n sekere sin het dit die Natalse Trekkers toe sonder 'n algemeen-aanvaarde leier gelaat ...

So was die jaar 1838 vir die Trekkers in Natal 'n donker jaar waar dit gelyk het of alles teen hulle gedraai het .... Eers teen die einde van November, as Komdt. PD Jacobs met sy trek en na hom Genl. AWJ Pretorius met sy mense in Natal aangekom het in antwoord op die Voortrekkers se roep om hulp, was daar iets soos 'n ligstraal in 'n somber en donker atmosfeer ! Nuwe hoop het opgevlam en daar was weer hoop en nuwe vooruitsigte.

Maar teenoor die Voortrekkers het die groot getals-oorwig van die Zoeloe-leër gestaan .... en hoewel die Zoeloes in die botsings met die Voortrekker al verliese gely het, was die grootste deel van hulle leërmag nog ongeskonde, goed ge-oefen en uitstekend gedissiplineerd.

Daarom, as Andries Pretorius wat gekies is as die bevelvoerder van die kommando, met sy manne uittrek doen hy alles in sy vermoë om sy 470 man voor te berei vir die komende stryd. Deel van die voorbereiding was gereelde godsdiensoefeninge waar veral Sarel Cilliers 'n besonder positiewe invloed gehad het. So het Sarel Cilliers met sy prediking gewys op 'n ooreenkoms tussen die Trekkers en die ou volk Israel se pad uit Egipte na hulle Beloofde Land. Dit was deur Sarel Cilliers se preke dat Hoofkomdt. Andries Pretorius op die gedagte gekom om 'n Gelofte af te lê en om so, deur 'n Verbond met God, God se hulp in te roep .... en om terselfdertyd die

kommando se moed en vertrou in hulle saak, te sterk. Immers, soos hulle al nader aan Dingaan se staanplek gekom het, het die taak om teen die magtige Zoeloeleër te veg 'n al dringender werklikheid geword.

Toe die kommando op 9 Desember 1838 by die Wasbankrivier, net Noord van die teenswoordige Ladysmith aangekom het, het die kommando onder leiding van Sarel Cilliers in die Sondagse godsdiensoefening die Geloofte afgelê. Die vraag wat hulle gevra het, was dat God hulle in die komende veldslag sal beskerm en die vyand in hulle hand sal gee. As dit sou gebeur het hulle belowe dat hulle :

Elke jaar, op die dag en datum van die oorwinning, God sal dank en eer --- tot by die laaste nageslag;

dat hulle alles aan hulle nageslag sal vertel, sodat hulle ook die Geloofte sal gehoorsaam en dat hulle 'n kerkgebou, tot eer van God, sou oprig.

Die eerste doel van die Geloofte, om dit so te sê, was om die hulp van God af te smek vir 'n oorwinning en sodoende 'n toekoms vir die Trekkers in die nuwe land te verseker

daarby het die Voortrekkers hulleself en hulle nageslag as 't ware verpand aan God as Hy hulle naby sou wees .

Die merkwaardige is dat in die veldslag by Bloedrivier op Sondag, 16 Desember, presies 'n week na die aflê van die Geloofte, waar die Zoeloes met 'n oorweldigende meerderheid die wa-laer aangeval het, nie een Trekker gesneuwel het nie .... slegs drie manne is gewond toe die kommando die vluggende Zoeloes agterna gesit het.

#### **Die Boodskap van die Geloofte.**

Die eerste boodskap van die Geloofte, so gesien, was dat die Here God nie Sy ore gesluit het toe die gelowiges gebid en gevra het vir Sy bystand en beskerming nie ---- die Almagtige God is 'n God van naby wat sy kinders, wat in benoudheid Hom aanroep, hoor en as 't ware met sy verhooring ook Sy seën aan gelowiges se soeke na 'n nuwe vaderland gegee het ... Die tweede boodskap van die Geloofte is dat die Here God ook Sy seën gegee het aan die Trekkers se soeke na 'n nuwe vaderland ...want in Januarie 1840 het Panda, wat die koning van die Zoeloevolk geword het, die Voortrekkers se stuk grond wat hulle van Dingaan gevra en gekry het, nl. die gebied suid van die Tugela, aan hulle oorhandig. Daarom kon die dorp Pietermaritzburg uitgelê word en in 1841 is die Gelooftekerk daar gebou.

#### **En Daarna .....**

Hoewel die Voortrekkers so die Gelofteland in besit geneem het, het dit tog nie hulle eiendom geword nie. In 1838 het Engeland daar ingegryp en in 1838 die kus-strook van Natal geannekseer en in 1843 die binneland ... en soos die Engelse bewind uitgebrei het, is die Voortrekker-land deur die Zoeloes oorstroom want die ooreenkomste van die Voortrekkers met die Zoeloes het verval .... en so het die Trekkers besluit om die land te verlaat .... en het Natal 'n distrik van die Engelse Kaapkolonie geword.

Die Natalse Voortrekkers het hulle toe enersyds in die Winburg-gebied, noord van die Vetrivier, of andersyds, noord van die Vaalrivier gevestig .... En so het dit in daardie tyd gelyk asof die Geloofte van 1838 'n nuttelose daad was wat eintlik na die Engelse se anneksasie van Natal maar vergeet kan word .... en dit het ook gebeur dat dit soms gelyk het asof selfs

de Voortrekkers hulle die Geloofte vergeet het .....

Maar in die 1860's het ds. DPM Huet, die NG predikant van Pietermaritzburg en ds. FL. Cachet, die NG predikant van Ladysmith, die gedagte na vore gebring om die Geloofte weer te gedenk ... en so is van 1866 af weer saamtregke by Bloedrivier gereël en die Geloofte en die veldslag gedenk ... Die saak het die Volksraad van die ou ZAR so vêr gebring om 16 Desember as gedenktag te verklaar wat elke jaar gevier moes word ..... en so kom daar weer 'n beweging na vore om die Geloofte tog te bly gedenk. Die gedagte is al meer na vore gebring dat die Geloofte nie net geldig was vir die 470 man by Bloedrivier nie maar ook vir hulle nasate en almal wat deur die uitredding van Bloedrivier 'n nuwe lewe in 'n nuwe land gegee is ....

So is die hele uitvlug uit die Kolonie gesien en verstaan as 'n beweging waaraan die Here God die uitredding gegee het en dat Bloedrivier se oorwinning verstaan kan word as God se seën die Voortrekker-ideaal van vryheid in 'n eie vaderland. Daardie gedagte het al verder uitgekring en 'n inspirasie geword vir die Afrikaner noord van die Vaalrivier na die anneksasie van die ZAR in 1877. Daarom is die anneksasie nie aanvaar nie en is 'n reeks opvolgende volksvergaderings gehou wat uitgeloop het op die groot vergadering by Paardekraal wat vanaf 10 Desember 1880 gehou is. Dáár is toe terug gegryp na die Geloofte van 1838 en met groot erns herhaal. Daarby is toe die Verbond-van-die-Burgers met mekaar gesluit en, uiteindelik om dit alles te bevestig, is 'n groot klipstapelings gehou.

Daarop volg die Eerste Engelse Oorlog van 1880 – 1881 met sy reeks oorwinnings en die daarmee saamgaande vloedgolf van Afrikaner-vaderlandsliefde en 'n nuwe gees van saamhorigheid.

In 1896 het President Paul Kruger hierdie stuk geskiedenis uitgelê en word dit duidelik hoe daardie geslag die Geloofte van 1838 verstaan het. President SJP Kruger het die saak so gestel en gesê : “Gedurende dié jare (vanaf die 1840's tot die 1870's) ... is die plegtige Geloofte van 16 Desember weer uit die oog verloor. Die dierbare skat wat daar verkry is, is nie meer beskou as 'n dierbare-skat-van-vryheid wat deur die hand van God gegee is nie. Die Geloofte van 16 Desember is nie trou volbring nie en daarom het daar donker dae oor ons gekom, sodat ons, toe God ons weer die vryheid gegee het, die vryheid hoog sou ag en tot die erkenning gelei mag word dat ons sterkte alleen in God is ....

Hier (dit is : by Paardekraal), toe ons in benoudheid verkeer het, het elkeen, sonder dat die voormanne 'n bevel gegee het, 'n klip gevat en dit op hierdie plek gegooi as 'n gedenkteken tussen ons en die Here ..... **Daarmee is die Geloofte van Bloedrivier hier hernuwe ....**

Slotopmerkings.

Nou is nodig dat 'n bietjie sorgvuldig na ons geskiedenis gekyk word Daardie Paardekraal-byeenkoms met sy hernuwing van die Geloofte, het ons volk gedra en geïnspireer deur die Eerste en die Tweede Engelse Oorlog, deur die bitterheid van die nederlaag en die verwoesting van die vaderland.....

Paardekraal --- die her-bevestiging van die Geloofte en die sluit van die Verbond van die Burgers het ons volk gedra deur

die bitter moeilike tiener- en twintigerjare en dertigerjare van die vorige eeu toe ons volk byna soos bedelaars in die eie vaderland moes lewe ....

Maar die boodskap van Paardekraal en die Geloofte was en is dat die Here God ons volk wat met 'n verbond aan Hom verbind is, nie sou verlaat nie. Daarom het die vadere, gedagtig aan daardie Verbond, dit so gereël dat ou President Kruger op 16 Desember 1904 in Pretoria begrawe is ..... en dat die Vrouemonument op 16 Desember 1913 in Bloemfontein onthul is .... en so het Geloftedag 'n steeds dieper betekenis gekry .... die betekenis dat ons volk moet leer om aan te hou vertrou op die Here God aan Wie ons deur die Geloofte verbind is ....

Die betekenis van Geloftedag is op 'n besondere manier ver-innig met die Eeufeesviering van die Groot Trek in 1938 toe die ossewaentjies wat van dwarsoor die land na Pretoria getrek het. Toe was daar weer 'n besondere opwelling was van Afrikaner-saamhorigheid en 'n besef van geroepenheid .... Dr. HCM Fourie, die Bybelvertaler, het destyds gesê : “Ons is mos en moet wees 'n Christelike nasie wat in afhanklikheid van sy God lewe en alles van Hom verwag en alles in sy hande laat nadat ons alles gedoen het wat Hy van ons verwag ...”

Daardie Eeufeesviering van 1938 het ons volk gedra en geïnspireer deur die Wêreldoorlog van 1939 – 1945 tot ons uiteindelik uitgekome het by die Republiekwording van 1961 waarvan GA

Watermeyer gedig het as 'n Republiek van 1000 jaar ..... Miskien het toe met ons gebeur, net soos met die vadere, waarvan Pres Kruger gesê het :” Gedurende die jare het voorspoed en teenspoed mekaar afgewissel en onder al die afwisselinge is die plegtige Geloofte van 16 Desember ..... weer uit die oog verloor.”

Onthou tog : Die Geloofte hang direk saam met die vertrou op die God wat onder alle omstandighede Sy hand oor die Gelooftevolk hou ....

Daarom is Geloftedag in die eerste plek **'n Dankdag**, omdat God nog altyd sy hand oor ons gehou het en altyd naby was om ons te beskerm en in die tweede plek dat die Here God nog altyd ons bygestaan het in die verwerkliking van ons soeke na vryheid en 'n vaderland ....

So is Geloftedag die een dag in die jaar waar ons, gelei deur ons Geloofte, spesifiek dink aan ons verbondenheid aan God en God se antwoord ..... Geloftedag lê, in 'n sekere sin, in die verlengde van Piet Retief se beroemde **Manifes** .... en die gedagte dat God en volk en vryheid en vaderland ideale is wat bymekaarhoort en dat ons daarvoor moet praat. Soos Dr. Fourie gesê het : “Ons is mos en moet wees 'n Christelike nasie wat afhanklik van God lewe ...”

Ons van vandag het 'n groot verantwoordelikheid teenoor die voorgeslag en ook die nageslag en dit beteken dat ons die verantwoordelikheid het om te sorg dat ons volk **Gelooftevolk bly in geloof verbind aan en gehoorsaam aan dié God by wie alles moontlik is.**